SEEJOL 2009
"DIE DEINING"

INLIGTINGSTUK VIR VERKENNERS EN OFFISIERE
Die Voortrekkers
Skeepslog 2009

ELKE VERKENNER (SEEJOL- MATROOS) EN OFFISIER:
BAIE WELKOM BY *DIE VAART* VAN *VTS SEEJOL 2009*!

Ons land se Voortrekkers gaan vanjaar ons ding doen by Hartenbos. Die besluit om weer by Hartenbos te kamp is eenparig deur die Kampbestuur geneem.

Geniet *Die Vaart*. *Die Vaart* sal 'n sukses wees as elke bemanningslid sy/haar kant bring en saamwerk.

Lees hierdie inligtingstuk asseblief noukeurig deur. As alles nagekom word, sal ons op koers bly. Let asseblief op na 'n paar **belangrike SKEEPSREËLS**. Hulle is nie onderhandelbaar nie.

Seejolgroete



Mauritz Meiring
SKEEPSKAPTEIN: VTS SEEJOL

1. **KAMPDOEL**
   - Om aan lede van die Voortrekkerbeweging 'n geleentheid te bied om teoretiese en praktiese kennis van die kusomgewing, see, seestrande en riviermondings as deel van die skepping van God op te doen ten einde optimale benutting en bewaring daarvan te bevorder.
   - Om in 'n ontspanne vakansie-atmosfeer 'n seekamp te hou wat terselfdertyd bevorderlik is vir gesonde mensontwikkeling.

2. KAMPWAARDES
   - Ons werk in 'n span
   - Ons ondersteun mekaar
   - Ons praat met mekaar en nie van mekaar nie
   - Ons vertrou mekaar
   - Ons wys mekaar tereg, maar in liefde en aanvaarding
   - Ons doen ons plig
   - Toets my optrede daaraan of dit vir die Here aanneemlik is (Ef. 5:10 en 11)

3. KAMPDATUM: **3 Julie 2009 tot 11 Julie 2009**

4. KAMPTEMA:

"VAT die toekoms VAS!"

5. **ORGANISASIE VAN DIE VAART**

SEEJOL 2009: KAMPRAAD

1.	**Skeepskaptein (Kampleier):**	**Mauritz Meiring**
2.	**Eerste Bootsman (Adjunk Kampleier):**	**Marietjie Greyling**
3.	**Skeepskantoor (Kampsekretaresse)**	**Hantie de Villiers / Thea de Villiers**
4.	**Skeepstessourie (Finansies):**	**Magdaleen Snyman**
5.	**Offisier van die Dag:**	**Francois Stofberg**
6.	**Divisieleiers:**	

Kursusse:

Divisieleiers:

SK	Abri Sneyders
SS	Nelmari Bosua
SV	Lourens Jordaan
VS	Oscar Brewis & Doulien van der Merwe
SB	Derik Coetzee
SD	Danita Meiring
SN	Andries Visagie/Gerhard Shultz
KK	Zandra Machin
DK	Corro van Waveren
DH	Marietjie Greyling

Steundienste:

Divisies:

Logistiek:	Stefan Mulder
Besoekersentrum:	Annemaré De Kock
Kombuis:	Stiaan Du Plooy
Snoepie:	Ronelda van der Schyff
Noodhulp:	Marinda van Niekerk
Aandprogramme:	Janeane Matthews
Busmeester:	Celeste Scheepers

6. TERMINOLOGIE
Alle skeepsterminologie is as 'n aanhegsel hierby aangeheg; maak seker dat jy, voordat jy op *Die Vaart* vertrek, die terminologie ken en verstaan om enige verwarrings uit te skakel.

7. **SKEEPSREËLS**

OM ALMAL SE TAAK MAKLIKER TE MAAK!

1. Daar word van elke Matroos en Offisier verwag om kennis te neem van die inhoud van die gedragskode en dit met inskrywing te onderteken. Geen inskrywing kan aanvaar word alvorens die gedragskode nie onderteken is nie.
2. Die omgewing het mooi plant- en seelewe en is 'n bewaringsgebied. Kom ons hou dit so.
3. Niemand mag strand toe gaan sonder die Offisier van die Dag en Divisieleier se toestemming nie. Na ligte-uit is die strand taboe!
4. Ons haal **geen** lewendige spesies uit die see nie.
5. Moenie skulpe of seegras in jou tas bêre nie. 'n Lang terugreis lê voor en jou klere sal dalk, as gevolg van onwelriekende reuke, daarna nie weer gedra kan word nie!
6. Waardevolle items kan by die Skeepskantoor ingehandig word vir bewaring**.**
7. Alle medisyne moet na aankoms op die skip by die Siekeboeg ingehandig word. Maak seker van jou mediesefondsnommer indien jy dit nodig mag kry. **Onthou om jou eie medikasie saam te bring**.
8. Nadat indeling in die baksdekke gedoen is, mag **geen uitruilings** sonder toestemming gedoen word nie.
9. Elke baksdek het 'n baksdekoffisier, waarmee probleme en behoeftes bespreek kan word.
10. Elke divisie gaan 'n Marsleier verkies. Hy/sy woon daagliks die Marsleiersvergadering by. Gee aan jou marsleier die nodige ondersteuning.
11. Kom ons respekteer mekaar se privaatheid deurdat seuns en dogters uit mekaar se baksdekke bly. **Dit is 'n bevel!**
    Onthou ons gaan elke dag baksdekinspeksie hou. Die grondbeginsels van higiëne berus op netheid. Help asseblief deur jou baksdek netjies te hou.

    AFVAL MOET IN VULLISDROMME GEGOOI WORD EN NIE LANGS DIE DROM OF OP ENIGE ANDER PLEK NIE!!!

12. Respekteer mekaar se persoonlike eiendom
13. Verlore eiendom moet by die Skeepskantoor ingehandig word.
14. Hou ons galjoene skoon en netjies.
15. Bespaar water. Moenie onder 'n lopende kraan was nie. Draai die stort toe terwyl jy seep smeer en stort gou klaar. Onthou, baie ander wag vir 'n beurt om te stort. Storttyd - 3 minute maksimum!!!!

16. Enige elektroniese apparaat versteur die skip se navigasie toerusting en is 'n veiligheidsrisko vir diefstal, so laat dit eerder tuis of handig dit in vir veilige bewaring.
17. Die Skeepskombuis is **buite perke.** JAMMER!!! Vir versoeke; gesels met die Skeepskantoor.
18. Reageer asseblief stiptelik op die program aangebring in die baksdek.
19. Teenwoordigheid by parades en ander byeenkomste is vir almal verpligtend.
20. Elke divisie neem deel aan die aandprogramme.
21. Die dagprogram is vol. Voldoende nagrus is nodig. **DAAROM: STILTE EN SLAAP NA LIGTE UIT!!!**
22. Slegs die Kaptein verleen toestemming dat iemand Die Skip mag verlaat.
23. Geen alkoholiese drank en/of dwelms word op die skip toegelaat nie. Dit kan tot muitery en slegte gevolge lei vir die muiters**. Dit is 'n bevel!!!**
24. Rokers: 'n Dringende versoek. Los rookgoed asseblief by die huis – dit is net 'n week. Geniet liewers die vars lug. Geen voorsiening word vir rookgewoontes op die skip gemaak nie.
25. Die Skeepskaptein se kajuit (nie die gewone Skeepskantoor vir administrasie nie) is altyd beman vir 'n gesprek, 'n probleem, 'n onrustigheid – maak gebruik daarvan. Ons luister graag en help waar ons kan!!! Oortreders land ook by die skeepskaptein kajuit – dit voorspel net drama.
26. Alle Skeepsaktiwiteite onder bevel van die Skeepskaptein (kampbesoeke aan wal, asook Die Vaart) word in Aktiewe Voortrekkerdrag bygewoon. Geen lid van die bemanning sal die skip verlaat sonder die korrekte Voortrekkerdrag nie. 'n Lid van die bemanning wat nie aan die redelike versoek van die Skeepskaptein gehoor gee nie, sal versoek word om tydens die betrokke aktiwiteit diens te verrig op Die Skip.
27. Hierdie kampreëls is in lyn met die Grondslag, Wese en Voortrekkerkodes en moet saam met die Gedragskode vir Jeuglede of Offisiere gelees word.

8. INSKRYWINGS VIR SEEJOL 2009

Die Deining kan SLEGS afgelaai word vanaf die Seejol Webblad. Inskrywingsvorms is ook SLEGS beskikbaar op die "Inskrywing"-blad op die Seejol Webblad by die volgende adres: http://transvaal.voortekkers.org.za/kampe/seejol.

Kampgelde: **Sien webblad en inskrywingsvorm.**

Sluitingsdatum vir inskrywings: **08 Mei 2009 om 16:00**

Inskrywings word SLEGS elektronies aanvaar op die voorgeskrewe vorm wat afgelaai kan word op die Seejol Webblad. Jou kommandodagbestuur moet die dokumentasie aan die Skeepskantoor deurstuur per e-pos by ***seejol@voortrekkers.org.za***.

Inskrywingsvorms:

Moet tesame met jou kampgelde ingehandig word by jou kommando wat die inskrywingsproses sal hanteer. MAAK SEKER dat jou kommando die inskrywingsvorms op die vertrekdag aan die Skeepskantoor oorhandig voordat julle op die busse klim.

"Voortrekkervriende":

Voortrekkervriende word slegs toegelaat tot en met Graad 10. Voortrekkervriende betaal 'n R300.00 administrasiefooi wat ook 'n tydelike Voortrekkerregistrasie insluit. Voortrekkervriende word slegs eenmalig toegelaat om 'n Voortrekkerkamp by te woon; daarna moet die vriend registreer as 'n volwaardige Voortrekker om enige ander kampe te kan bywoon. Indien jy nie 'n Voortrekkerregistrasienommer het nie, sal jy ook die administrasiefooi moet betaal vir tydelike registrasie.

Laat-inskrywings:

Soos gemeld sluit die inskrywings stiptelik om 16:00 op Vrydag 09 Mei 2008. Die Skeepskantoor sal nie jou inskrywing prosesseer nie.

Foto-CD van Die Vaart 2009:

Daar sal vanjaar 'n CD beskikbaar wees met kampfoto's. Die koste beloop R 25.00 per CD en sluit posgeld in. Die bestellings sal na die kamp aan die kommando gepos word.

Indien jy per vliegtuig na George Internasionale lughawe en terug reis:

VTS Seejol sal jou kosteloos op George Internasionale lughawe optel mits jy 11:00 op die lughawe sou wees; dit beteken dat jy een van die volgende vlugte sal moet haal:

Kulula.com Vlug MN911 op Saterdag 4 Julie 2009 vertrek 09:05, aankoms 11:00
1time.co.za Vlug 1T821 op Saterdag 4 Julie 2009 vertrek 09:05, aankoms 10:55.

Vir enige ander aankomstye sal VTS Seejol 'n vervoerfooi van R100.00 per persoon hef om 'n bemanningslid te laat optel.

VTS Seejol sal kosteloos 'n bemanningslid besorg op George Internasionale lughawe op Saterdag 11 Julie om 08:30 die oggend vir een van die volgende vlugte na OR Tambo Internasionaal:

Kulula.com Vlug MN912. Vertrek 09:30, aankoms JNB 11:15
1time.co.za Vlug 1T822. Vertrek 11:45, aankoms JNB 13:35

Geen bemanningslid sal op 'n ander tyd na die lughawe geneem kan word nie.

9. OP DIE VERTREKDAG – 3 Julie 2009

Meld aan by die busse by Waterkloof Hoërskool teen nie later as 16:00 nie. Gaan direk na jou Divisie se aanmeldpunt vir registrasie waar jy aangesê sal word waar jou bagasie gelaai moet word.

Maak seker dat jou bagasie **DEEGLIK GEMERK** is. Hieronder volg 'n tabel waarvolgens jy jou bagasie moet merk. Gebruik 'n lint wat om die handvatsel/strop van jou bagasie gebind word, asook 'n etiket met jou naam daarop en, indien moontlik, jou selnommer.

Divisie	Lintkleur	Divisie	Lintkleur
Gr 8 – Voormas – Seekunde	Oranje	Gr 10-12 – Kampkommunikasie	Geel
Gr 9 – Grootmas – Strandstudie	Groen	Gr 11-12 – Die Duikers	Pienk
Gr 10 – Kruismars – Strandvernuf	Blou	Gr 11 – Selfbehoud – Kwartdek	Pers
Gr 10-11 – Die Seiners	Rooi	Gr 11-12 – Seeroeikunde	Swart
Gr 10-12 – Walpatrollie – Voetslaan	Wit	Dekhande / Bootsmanne	Grys
Offisiere se bagasie word gemerk in dieselfde kleur as die Dekhande / Bootsmanne			

Vir bemanning wat langs die pad opklim/afklim, sal daar afsonderlike persoonlike reëlings getref word deur die Busmeesteres en personeel.

10. WAT PAK JY IN VIR SEEJOL 2009?

1. Bybel.
2. Slaapsak, kussing en grondseiltjie/"survival bag" vir jou tent (wat voorsien word), want die sand is nat en koud in die aand. Jy gaan uitslaap gedurende *Die Vaart*, so maak seker jou grondseil kan dien as skuilingmateriaal om 'n skuiling mee te bou.
3. Notaboek en pennesakkie.
4. Persoonlike medikasie – word ingehandig by die Siekeboeg vir veilige bewaring.
5. Beursie met sakgeld – daar is 'n snoepie (Die Kantien) op Die Vaart.
6. Bordesakkie, sponsie en afdroogdoek.
7. Flits en ekstra batterye.
8. Swemklere, handdoek en sonbrandmiddel.
9. Smuksakkie met als om jou mee skoon te skrop en die seeluise weg te hou.
10. Dagsakkie & waterbottel – wat jy op die bus neem saam met jou slaapsak en kussing vir die rit.
11. EEN tas of "duffel bag" per persoon vir al jou persoonlike besittings.
12. Gemaklike skoene, tekkies en/of plakkies vir al die baie aktiwiteite op Die Vaart.
13. Aktiewe Voortrekkerdrag vir Vrydag se Kampuitstappie.
14. Gemaklike klere vir die dag.
15. GENOEG warm klere vir die aande.
16. 'n Reënbestande baadjie – daardie tyd van die jaar is dit reënseisoen in die Suid-Kaap.
17. Jou Divisieleier sal jou kontak indien daar enige addisionele items is wat moet saam kom op Die Vaart. Indien jy niks hoor nie; is daar niks ekstra om saam te neem nie.

As jy by Die Seiners gaan inskryf, is die volgende ook van belang:

- Elke lid moet die fonetiese alfabet en morsekode leer voor die kamp sodat hy/sy dit reeds ken as hulle op die kamp arriveer. Morsekode is 'n vereiste vir die kursus
- Elke lid moet 'n A5 hardeband notaboek en pen saambring. 'n Seiner moet deurentyd notas en boodskappe neerskryf.

11. SLEGS VIR VOLWASSE LEDE:

Daar sal 'n Oriënteringsvergadering gehou word op Saterdag 6 Junie 2009 in Waterkloof Hoërskool se Restourant vanaf 09:00 tot 12:00. Elke Volwasse Lid wat *Die Vaart* meemaak, **MOET** hierdie vergadering bywoon. Koffie en tee sal voorsien word. Bring net u goeie self en hope entoesiasme saam.

12. KONTAK EN NAVRAE:

Navrae kan op die volgende maniere hanteer word:

1. Stuur 'n e-pos na seejol@voortrekkers.org.za
   OF
2. Gaan op die Seejol Webblad se "Kontak"-skakel en gesels daar met ons, ons sal jou verseker antwoord.

"Nou, Hou Koers dan tot ons weer ontmoet!"

"Jol, Jol, lekker lekker Seejol..."

AANHANGSEL – SKEEPSTERMINOLOGIE / SKEEPSTERME

Ons vaart het sy eie terme. Kom ons leer dit asseblief aan!!!

Die kamp	Die Vaart
Kampleier	Skeepskaptein
Kampsekretaresse	Skrywer
Offisier aan diens	Offisier van die Dag
Offisier van wagbeurte	Onder-offisier van die Dag
Kursusleier	Divisieleier
Kursusgroep	Divisie
Kursusaanbieders	Offisiere
Jeugleiers	Marsleiers
Verkenners	Matrose
Seekunde kursusgroep	Voormasdivisie
Strandstudie kursusgroep	Grootmasdivisie
Strandvernuf kursusgroep	Kruismarsdivisie
Selfbehoud kursusgroep	Kwartdekdivisie
Voetslaner kursusgroep	Walpatrollie
Snorkelduik kursusgroep	Die Duikers
Seiners kursusgroep	Seiners
Seeroeikunde kursusgroep	De Kotters
Kampkommunikasie kursusgroep	Kampkommunikasie / Griffiers
Administrasie	Skeepskantoor
Noodhulp	Siekeboeg
Voorrade	Logistiek
Snoepie	Skeepskantien
Voorspan	Ankers
Stiltetyd	Bewuswording
Gaan uit die kamp	Gaan aan wal
Gaan in die kamp	Gaan aan boord
Hek	Loopplank
Ablusieblokke	Galjoene
Slaaptent	Baksdek
Verkenner eettent	Matrosebak
Vlagpale	Mas
Paradegrond	Kwartdek
Saal	Hoofdek
Offisieretente	Kajuite
Offisiere eettent	Offisierebak
Links	Bakboord
Regs	Stuurboord
Voorkant van die skip	Voorkasteel
Agterkant van die skip	Agterstewe
Kampblad	Skeepsjoernaal
Kombuis	Skeepskombuis
Luidspreker	Bootmanspyp
Offisiere opleiding	Dekhande